View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

# POLITIEKE GEDAGTES VAN DIE CALVINISME: HULLE VERSPREIDING EN INVLOED.

Dit word taamlik algemeen aangeneem dat die demokratiese denke van die moderne tyd sy oorsprong in die 16de eeu het. Dit kan ook nie [illegible] die menslike gees gebind het en die optrede van die leiers van die verset teen daardie oorheersing het uit die aard van die saak die neiging gehad om die weg van vryheid op elke ander lewensgebied in te slaan. Die gees van kritiek wat die periode van die Renaissance gekenmerk het, was die voorloper tot die verset wat gevolg het. Maar daar was iets anders wat meer in die besonder die weg gebaan het vir die politieke vryheid en dit was die demokratisering van die kerk deur middel van die Hervorming. In die soek na die suiwere waarheid is die Hervormers deur die voorbeeld van die Christelike Kerk soos dit georganiseer was gedurende die eerste eeue na Christus, geïnspireer. Hulle strewe was dan ook gerig op 'n vereenvoudiging van die kerklike organisasie, sodat dit ontdaan is van alle prag en praal en priesterlike oorheersing. Die gewone gemeentelid het 'n nuwe betekenis verkry, want die priester was nie meer die middelaar tussen hom en sy God nie. Gevolglik het ook sy seggenskap in kerksake toegeneem, want kerkrade is vry verkies deur die gemeentelede. Hierdie demokratisering van die kerk het 'n aansteeklike voorbeeld in die politieke lewe geword, hoewel die uitwerking nie onmiddellik bespeurbaar was nie. In elk geval het dit die weg voorberei vir die verspreiding en aanvaarding van moderne politieke vryheidsideë. Die Franse filosoof, Montesquieu, het met 'n sekere mate van reg verklaar dat die Rooms-Katolisisme 'n innerlike verwantskap met die monargale stelsel vertoon, en die Protestantisme met Republikanisme. Dit is miskien te veel gesê, maar 'n tendens in daardie rigting is in die geskiedenis ongetwyfeld bespeurbaar. Die geskiedenis bewys

dat in daardie lande waar die Kerkhervorming eerste en blywend posgevat het, die politieke vryheid ook eerste gevolg het, terwyl in die Rooms-Katolieke lande die koninklike despotisme nog eeuelank hoogty gevier het. Sowel die Pous as die Vorste het reeds dadelik die vrees uitgespreek dat die Hervorming sou lei tot vernietiging van die monargale stelsel. Die vrees was nie ongegrond nie, want 'n eeu later het die Engelse Protestante die stryd teen hulle Rooms-Katolieke vors aangegryp onder die banier: **Geen Pous en geen Koning nie.** Afgesien van hierdie algemene invloed van die Kerkhervorming was daar 'n ander veel meer direkte invloed nl. die geskrifte van die Hervormers wat in alle lande versprei is.

Die eerste groot Protestantse denker van die 16de eeu wat uiting gegee het aan politieke denkbeelde, was die Hervormer Melanchton. Hy het die leer verkondig dat die owerheid nie die reg het om iets te gebied wat teenstrydig is met die natuurreg nie. By hom vind ons die eerste tekens wat die verbreking van die knellende politieke bande voorspel. Maar oor die algemeen het die Hervormers ontken dat hulle stryd teen die Rooms-Katolieke Kerk ook op politieke gebied 'n uitwerking kon hê. In 1536 het daar egter 'n boek verskyn wat 'n grootse en sistematiese uiteensetting gegee het van die politieke filosofie van die Hervorming, nl. die **Institutio Religionis Christianae** van die Fransman Jean Calvin. Met reg merk die Amerikaanse geskiedskrywer, Abbott, op: "Its appearance marked an epoch in European History. Designed to furnish a complete and logical refence of Protestantism, Calvin's doctrine . . . . . appealed to many who had been untouched by Luther's vague formulas. Sterner, more logical, better organized than the loose-woven Lutheran belief, it embodied a doctrine and a discipline which lent themselves more readily to a widespread sentiment of revolt, political as well as theological." Die Calvinisme was gekenmerk deur 'n ysere dissipline, 'n logiese sisteem en 'n buitengewone eenvoud, en bo alles het dit tot die volk gespreek in sy eie taal. Dit het die speerpunt geword in die stryd om die politieke vryheid in byna alle lande, en dit was nie lank of dit het uit Switserland soos 'n veldbrand versprei oor geheel Weseuropa.

In Calvyn se hoofwerk, sowel as in ander geskrifte het hy die grondstellinge neergelê wat in die loop van die tyd deur aanvulling, verbetering en uitbouing deur ander skrywers, tot 'n bepaalde denksisteem ontwikkel, en uitgegroei het tot 'n grootse lewensbeskouing wat alle terreine van die lewe dek. Dit kan beskou word as 'n organisme waaraan steeds gearbei word, maar tog bly dit steeds in wese en karakter soos Calvyn dit neergelê het. Hierdie besondere denkrigting wat 'n bepaalde uitkyk op die lewe en die wêreld verteenwoordig, en wat bekend geword het as die Calvinisme, het in die loop van die 16de, 17de en 18de eeue ontwikkel

tot 'n mag van groot betekenis vir die maatskaplike, kerklike en politieke lewe. Op baie lewensterreine het dit hervormend gewerk, want wat Calvyn werklik gedoen het, was om 'n nuwe beginsel in die lewe te roep, ou Christelike waarhede opnuut te formuleer, 'n nuwe wêreld van gedagtes vir die menslike gees te ontsluit, en 'n nuwe rigsnoer vir die lewe neer te lê.

Die Calvinisme is deur die Duitse skrywer, Troeltsch, bestempel as die „eigentliche Hauptmacht des Protestantismus," en met reg noem die Amerikaanse geskiedskrywer, Abbott, dit "the most vigorous fighting force of the Reformed communions." Bakhuizen van den Brink, geen Calvinis nie, het daarvan getuig: „Het Calvinisme was de hoogste ontwikkelingsvorm in het godsdienstig en staatkundig beginsel der zestiende eeuw." In die stryd teen die Rooms-Katolisisme het hierdie aggressiewe beweging, wat ons ken as die Calvinisme, die voortou geneem en die spit afgebyt, en in die eeue wat gevolg het 'n verreiknde invloed uitgeoefen, so selfs dat die bron van veel van wat ons vandag as vanselfsprekend aanvaar, by daardie magtige lewenstroom gesoek moet word.

Die Nederlandse geskiedskrywer, dr. Robert Fruin, wat seker nie tot die geledere van die Calviniste gereken kan word nie, betuig daarvan die volgende:

„Het Calvinisme kwam naar Nederland over met een eigen welsluitend stelsel van godgeleerdheid, met een eigen plan van democratische kerkorde, doordrongen van een streng zedelijken zin, en evenzeer voor de zedelijke hervorming, als voor hare godsdienstige ijverend. Tegenover het Roomsche levensbeginsel stelde het Calvinisme een eigen levensbeginsel over. En in den oorlog die volgde (nl. die tagtig-jarige) was het Calvinisme krachtig genoeg, om den gemeenen vijand te weerstaan." Op 'n ander plek verklaar Fruin: „In Zwitserland, in Frankrijk, in Nederland, in Schotland, in Engeland, overal waar het Protestantisme zich door het zwaard moest vestigen, is het het Calvinisme geweest, dat den strijd heeft gewonnen." Hierdie magtige beweging het die staatkundige vryheid van baie volkere gewaarborg. Dit lei geen twyfel nie dat dit die stukrag was agter die godsdiensstryd van die Hugenote in Frankryk, die Nederlanders se vryheidstryd teen Spanje, Engeland se stryd teen die Stuarts in die 17de eeu, en so meer. Maar in die besonder was daar veral een politieke leerstelling wat Calvyn in sy Institusie neergelê het wat weldra die loop van die geskiedenis grootliks sou beïnvloed. Die magtigste en mees vrugbare politieke element wat gesoek moet word in Calvyn se soewereiniteitsleer, is die leer van die **Reg van Verset.**

Calvyn gaan uit van die Soewereiniteit van God, en in hoofsaak kom dit hierop neer: die sondeval het 'n toestand van verwarring in die lewe geroep, en dit maak die instelling van die owerheidsgesag noodsaaklik ten einde die orde te bewaar. Die onderdaan is gehoorsaamheid verskuldig aan daardie owerheid, hoe swak en hoe sleg dit ook al mag wees. Die Christen moet ly en gehoorsaam. Haat van tiranne is 'n teken van die sondige natuur van die mens. Gehoorsaamheid aan die owerheid is ook gehoorsaamheid aan God wat daardie owerheid daargestel het. Selfs 'n slegte owerheid is deur God ingestel om die mens te straf vir sy sonde. Die regeerder is verantwoordelik aan God en wraak kom die mens nie toe nie. Op die oog skyn hierdie stelling juis die posisie van 'n despotiese gesag te versterk, maar in 'n ander stelling kwalifiseer Calvyn die beginsel van gehoorsaamheid deur te verklaar dat die individuele onderdaan wel absolute gehoorsaamheid verskuldig is, maar nie die magistrate daargestel deur die volk nie. Ook hulle ontleen hulle soewereiniteit aan God en hulle is ingeskuif tussen die vors en die onderdane om eersgenoemde te beteuel. Dit sou pligsversuim en verraad van die magistrate teenoor die volk wees as hulle die vors se willekeur nie in toom hou nie. Waar die volk dus magteloos is, behoort sy verteenwoordigers die nodige beperkinge op die owerheid toe te pas. Wanneer mag hulle gehoorsaamheid weier?

Die antwoord is: wanneer gehoorsaamheid aan die owerheid bots met gehoorsaamheid aan God. Maar wie sal oordeel wanneer die owerheid teenstrydig met die ordinansies van God handel? En hier antwoord Calvyn: die Skrif. Op slot van sake word dit aan die individuele gewete oorgelaat om te besluit oor die reg van verset al dan nie. Die moderne Calvinisme is van mening dat so'n verset teen die owerheid toegepas moet word volgens die lesse van die geskiedenis. Hoewel gehoorsaamheid by Calvyn in die reël 'n absolute vereiste is, word dus tog toegegee dat die onderdane in sekere omstandighede die reg het om ongehoorsaam te wees. En daardie verset moet volgens hom deur middel van die verteenwoordigers van die volk, in sy tyd 'n standeverteenwoordiging, uitgeoefen word in die eerste plek, en volgens ingewing van die individuele gewete in die tweede plek. Hier moet baie duidelik beklemtoon word dat Calvyn se beskouinge in geen enkel opsig argumente ten gunste van die parlementêre stelsel as sodanig is nie. Dit hou slegs rekening met die bestaan van een of ander vorm van verteenwoordiging.

Sy gedagtes met hulle groot potensiële invloed was niks anders as 'n uitdaging aan die bestaande politieke gesag nie. . As 'n oproep tot die opstand teen dwinglandy het dit in skrille kontras gestaan tot die

Rooms-Katolieke leer van slaafse gehoorsaamheid. En dit sou nie lank duur nie of studente uit alle lande het aan die voete van Calvyn in Switserland gesit, waarvandaan hulle sy gedagtes meegeneem het, elkeen na sy eie vaderland, waar die saad in vrugbare aarde geval het. Honderde predikante het daardie denkbeelde wyd en syd verkondig. John Knox het dit na Skotland geneem en daar die tak van die Protestantse kerke gestig, wat bekend staan onder die naam „Presbiteriaans" en bestemd was om ook in Engeland die loop van die geskiedenis grootliks te beïnvloed. Ander persone het die Calvinisme na Frankryk oorgedra. Daar was die volk reeds in beroering gebring deur die pouslike en koninklike absolutisme, en die Calvinisme was in staat om die basis te vorm vir die optrede van die Hugenote. Ook na Nederland, langs die Ryn en in Noord-Italië het die Calvinistiese leerstellings aanhangers gekry, totdat dit ten laaste vir Rome 'n veel groter gevaar geword het as die Lutheranisme. Die denkbeelde van Calvyn het maklik en vinnig versprei. Dit word bereken dat van sy Institusie elke tien weke 'n nuwe uitgawe verskyn het vir meer as 100 jaar lank, d.w.s. gemiddelde 5 uitgawes per jaar vir 'n eeu lank. Geen wonder dan ook, dat daardie nuwe opvattings soos 'n stormwind oor Europa gejaag het, en binne 25 jaar na Luther se eerste optrede het die Hervorming so 'n omvang aangeneem dat die Rooms Katolieke Kerk, wat vir meer as 1,000 jaar die moederkerk was, tot in sy grondveste geskud is. En nie alleen in hierdie opsig nie, maar ook in die staatkundige lewe het die idee van die reg van verset 'n groot verandering teweeggebring, Republieke laat oprig en koningstrone omvergegooi.

Die nuwe politieke denkbeelde is in Frankryk verkondig deur die Hugenoot Hotman. Hy was die skrywer van die beroemde **"Franco-Gallia,"** waarin hy leer dat die Galliese volk onder die Franke 'n absoluut vrye konstitusie geniet het, sodat die vors deur die volk verkies is en hy sy kiesers oor die wette moes raadpleeg. Die bestaande Franse staatstelsel, meen hy, is dus verkeerd en hy eis 'n herstel van die oue. 'n Ander werk wat hierna in Frankryk verskyn het, was die **"Vindiciae Contra Tirannos,"** die outeurskap waarvan toegeskryf word aan Du Plessis-Mornay en ook aan Languet, of miskien altwee saam. Hierdie werk vertoon 'n besonder sterk invloed van Calvyn se Institusie. Die outeurs herlei sekere beginsels tot die onvervreembare regte van die mens, regte wat deur God in die mens geskape is. Die doel van die skrywer is om die Staat weer op die voetstuk te plaas vanwaar Machiavelli dit afgeruk het. Die vraag word gestel of die volk gehoorsaam mag wees aan 'n vors wat die wet van God verbreek. En as daardie

wet van God verbreek is deur die owerheid, mag die volk hom verset? Die antwoord van die skrywer hierop is dat dit die reg en ook die plig is van magistrate en die vooraanstaande burgers in die stede om hulle te verset teen so'n vors. Hier bespeur ons duidelik Calvyn se hand, hoewel die outeur van die **Vindiciae** hom nog sterker uitdruk as sy leermeester. Tog voeg hy daarby dat God die swaard nie in die hand van die indiwiduele burger stel nie. Die vors is verhef deur die volk en lei sy mag van die volk af, naas God natuurlik. Hierin lê die gedagte van volksoewereiniteit opgesluit, asook die kontrak-teorie. Maar dit staan nog naas die idee van die soewereiniteit van God, en verskil hierin hemelsbreed van die leer van volksoewereiniteit van J. J. Rousseau. Hier is die volksoewereiniteit afgelei van God. Eers veel later sou die leer verkondig word dat die volk sy soewereiniteit uit homself put, die grondslag van die Franse Rewolusie. Maar tot daardie uiterste het die mense in die 16de eeu nog nie oorgegaan nie. Voorts verkondig die Vindiciae dat niks meer koninklik is as om te regeer volgens goeie wette nie. Die gedagte is dat die koning onder die wet staan. Hierdie gedagtes sou 'n eeu later by die Engelsman, John Locke, weerklank vind. Van hom weer het dit teruggekeer na Frankryk en is in J. J. Rousseau se **Contrat Social** weerspieël. Hoewel dit oorspronklik van die Vindiciae afkomstig is, is die demokrasie van die Franse Rewolusie, met sy algehele verwerping van God, tog iets heel anders as die Calvinistiese demokrasie van die Hugenote. Die invloed van die Vindiciae in Frankryk was enorm, en nie alleen daar nie. Ook in Nederland en in Engeland is dit gelees. Dit is waarskynlik dat dit doelbewus geskryf is vir gebruik in die Nederlande. Meer as 'n eeu later is dit gesiteer om die onthoofding van Koning I van Engeland te regverdig en dieselfde het gebeur in 1689 toe die Engelse 'n bevredigende regsbasis gesoek het om die onttroning van Jacobus II te regverdig.

Nie alleen die Hugenote en die opstandige Hollanders is deur sulke denkbeelde beïnvloed nie, maar ook veral die Engelse in hulle demokratiese optrede. Die geskrifte is intiem bestudeer in Engeland nog lank voor die Stuarts se tyd, veral deur die Puriteine. Reeds voor die tyd van Elizabeth is politieke ideë gebore uit die Hervorming, in Engeland verkondig deur mense soos **Poynet en Goodman.** Eersgenoemde was die skrywer van 'n pamflet wat veral in die 17de eeu 'n groot invloed uitgeoefen het nl. **"A short Treatise of Politique Power."** In 1641 was dit een van die eerste boeke wat gepubliseer is deur die opposisie teen die Kroon. Poynet gaan uit van die veronderstelling dat God vanweë die sonde wette ingestel het, en sowel koning as volk is daaraan gebonde. Ook is albei gebonde aan die positiewe wette wat alleen opsy gesit kan

word met die toestemming van diegene wat die wette maak. Geen onregverdige of slegte wet van die koning behoef gehoorsaam te word nie. 'n Lid wat sleg is, word afgekap om die hele liggaam te vrywaar van bederf. Daarom mag tiranne doodgemaak word. Goodman het net so'n merkwaardige werk uitgegee onder die titel: "How superior powers should be obeyed and wherein they may be lawfully and by God's word resisted." Hierin word die reg van verset uiteengesit en verdedig.

Toe Koningin Elizabeth, wat self Protestant was, die troon bestyg het, was daar minder behoefte aan die publikasie van sulke geskrifte, want die begeerte om die vors te weerstaan, het verdwyn. In hierdie tyd word 'n ander leer verkondig nl. **"passive obedience,"** 'n leer wat later gekoppel sou word aan die idee van die goddelike reg van vorste nl. dat konings die verteenwoordigers is van God op aarde en in alle omstandighede blindelings gehoorsaam moet word. Dit is die teenvoeter van die Calvinistiese en Puriteinse idee van die reg van verset. Hoewel in Engeland die pamfletstroom opgedroog het, was dit in Skotland terselfdertyd anders gesteld. Daar het die Katolieke Koningin, Maria Stuart, die bewind gevoer, en onder leiding van John Knox het die Skotse Calviniste teenstand gebied. Weldra het die volgelinge die meester oortref. Naas Knox het ook Buchanan opgetree. Knox, wat in noue kontak met Calvyn verkeer het, het sy politieke leer verkondig in "an address to the Nobility of Scotland" en in sy "Blast of the Trumpet against the monstrous regiment of women." Onder ander verklaar hy daarin: "No oath or promise can bind the people to obey and maintain tyrants against God; and if they have ignorantly chosen such as after declare themselves unworthy of the regiment of the people of God, most justly may they depose and punish them." Dit word duidelik dat Calvyn se leerlinge al verder en verder van die meester se ideë afgewyk het, en meer en meer ekstremisties geword het, iets wat onder die omstandighede verstaanbaar is. Knox het die Skotse Presbiteriaanse kerk wat selfs vandag nog 'n serk Calvinistiese kleur dra, gegrondves, en sy politieke denkbeelde het nie weinig daartoe bygedra om die volk 'n vryheidsin in te boesem nie.

'n Ander Engelse groep denkers wat die Calvinistiese denkbeelde op politieke gebied uitgedra het, was die volgelinge van **Brown,** die s.g. **Browniste.** Hulle ideaal was 'n independente kerk, los van die Staat, meer selfstandig selfs as dié van Calvyn, en heeltemal demokraties omdat hierdie leer in Engeland, met sy staatskerk, nie toegepas kon word nie, het Brown en ander van sy geesgenote na Holland uitgewyk. Daar is hulle deurdring van Hollandse denkbeelde en ideale wat

in die 17de eeu 'n groot invloed gehad het. Hulle het aanskou hoe 'n klein nasie teen 'n wêreldmag van die eerste rang om sy vryheid veg. Dit kon nie anders as vir die Engelse independente 'n spoorslag tot aksie wees nie. Daardie stryd tog was gegrond op ewige beginsels van reg en regverdigheid en buitendien het op die Nederlandse opstand 'n wonderlike kulturele en ekonomiese oplewing gevolg, sodat Holland spoedig 'n groot mag in Europa geword het, 'n seevarende en koloniale moondheid wat die bewondering afgedwing en naywer opgewek het van die omliggende lande. Veral in Engeland het hulle die Hollanders bewonder en was die Hollandse invloed groot. Deur die Browniste is die Hollandse opvattinge oor kerk- en staatsregering na Engeland geneem en het daar in vrugbare bodem geval, wortel geskiet en in die 17de eeu in die stryd teen die koninklike prerogatief tot volle wasdom gekom. Die Engelse leiers het geput uit die staatkundige denke van Holland maar veral die beginsels oorgeneem van Althusius, die Duitse Calvinis, 'n merkwaardige politieke denker, en skrywer van die bekende **"Politica methodice digesta,"** wat geheel en al gebaseer is op die Nederlandse opstand teen Spanje en dit regverdig. Hier tref ons ook die idee van volksoewereiniteit aan sowel as die beginsel van die sosiale kontrak. Dit sou ons te ver voer om sy beginsels te ondersoek en te ontleed; ons kan volstaan deur te meld dat hy die reg van verset aflei uit die kontrakteorie, en die volk groot magte toeken. Die beginsels is bowedien gestel in 'n Republikeinse raam. Ook **Grotius** se werke lei in die rigting van demokrasie, en hierdie ideë word deur die independente oorgeneem na Engeland, en saam met die Pelgrimvaders in 1620 na Amerika, waar dit net so heilsaam gewerk het. Afgesien van hierdie Nederlandse invloed, het baie Puriteine weens die toestand in Engeland self, langs ander weg tot dieselfde insigte gekom. In Engeland ontwikkel die Presbiteriane en die Independente hierdie gedagtes en hulle sou in die groot stryd teen die Stuarts die kern vorm van die parlementêre opposisie wat uiteindelik in 1689 so 'n skitterende sukses bepaal het deur die Rooms Katoliek Jacobus II van die troon te verjaag en die Calvinis Willem III tot Koning uit te roep. In 1705 is dit by wetgewing bepaal dat elke Engelse vors of vorstin die Protestantse geloof toegedaan moes wees, en bowedien is die Parlement se gesag as gevolg van die stryd vir eens en altyd onbetwisbaar vasgestel. In hierdie stryd was dit die Calvinistiese beginsel van die reg van verset wat die deurslag gegee het.

Ook ander lande het 'n dergelike stryd gevoer, gebaseer op die politieke beginsels van die Calvinisme, en byna oral het hulle geseëvier.

Dat daardie denkbeelde later steeds meer en meer rewolusionêr geword het en in die 18de eeu ontaard het in die leer van die volksoewereiniteit wat die reg van verset as 'n plig beskou het en anargisme in die hand gewerk het, veral in Frankryk, daarvoor kan Calvyn en die Calvinisme nie verantwoordelik gehou word nie. Maar in die 16de en 17de eeue veral het die politieke beginsels van die Calvinisme seënend gewerk op die wêreldgebeurde, so selfs dat dit beskou is as die grootste positiewe bydrae van die Kerkhervorming tot die wêreldgeskiedenis.

Potchefstroom. D. W. KRÜGER.